NASIONALE KULTUURHISTORIESE MUSEUM

NATIONAL CULTURAL HISTORY MUSEUM

# 'N OPNAME VAN STRUKTURE IN PELGRIMSRUS, MET DIE OOG OP DIE VERSKUIWING OF SLOPING DAARVAN WEENS DIE BOU VAN 'N NUWE VERBYPAD


**OPSOMMING**

Die ondersoek is gedoen om vas te stel watter strukture gevaar loop om of gesloop of verskuif te word as gevolg van die bou van 'n nuwe verbypad in Pelgrimsrus. In terme hiervan is verskeie strukture geïdentifiseer, waarvan sommige na ons oordeel van kultuurhistoriese belang is en bewaar sal moet word.



**OPNAME GEDOEN EN VERSLAG VOORBEREI DEUR**:

J.A. VAN SCHALKWYK
Spesialis navorser
Department Antropologie en Argeologie

C. HOGEWIND
Navorser
Departement Kultuurgeskiedenis

Nasionale Kultuuurhistoriese Museum
Posbus 28088
SUNNYSIDE
0132

Telefoon - (012) 3411320
Telefax - (012) 3416146



Datum van ondersoek: 16 Februarie 1993
Datum van verslag: 19 Februarie 1993


**'N OOPNAME VAN STRUKTURE IN PELGRIMSRUS, MET DIE OOG OP DIE VERSKUIWING OF SLOPING DAARVAN WEENS DIE BOU VAN 'N NUWE VERBYPAD**

## DOEL EN AFBAKENING VAN DIE ONDERSOEK

Op 11 Februarie 1993 is 'n opdrag van mnr. A. Steyn van Burger, Pretorius en Vennote, ontvang om die voorgestelde roete vir 'n nuwe verbypad by Pelgrimsrus te ondersoek. Die doel van die ondersoek is om vas te stel of daar enige bestaande strukture van kultuurhistoriese belang is, wat die ligging van die voorgestelde nuwe padroete sal beïnvloed. Afdrukke van kaarte wat hierdie roete dek, behalwe vir die heel westelike gedeelte van die pad, is ontvang en met mnr. Steyn bespreek.

Uit die bespreking is daar afgelei dat slegs bestaande strukture vir die doel van hierdie ondersoek van belang is en dat ander verskynsels, wat ookal die aard daarvan mag wees, nie op hierdie stadium by die ondersoek ingesluit word nie.

Daar word ook aanvaar dat die ontwikkeling van die voorgestelde pad in ooreenkoms is met die bepalinge van die Wet op Nasionale Gedenkwaardighede, Wet 28 van 1969.

## METODE VAN ONDERSOEK

Besoek is op 16 Februarie 1993 aan Pelgrimsrus gebring en die roete van die beoogde pad, soos aangedui deur die kaart en roetemerkers, is te voet ondersoek. Alle strukture wat aangetref is en wat volgens die genoemde kaarte binne die grense van die voorgestelde roete val, is visueel ondersoek, waarna daar 'n oordeel oor die kultuurhistoriese waarde daarvan gemaak is.

Die oordeel oor die strukture is verder ondersteun deur die spesifieke kennis van die dorp en sy kultuurgeskiedenis soos verteenwoordig deur een van die ondersoekbeamptes, mej. C. Hogewind. Laasgenoemde was 'n aantal jare by Pelgrinsrus werksaam en was spesifiek gemoeid met die geskiedenis van die geboue en hulle bewaring.

## DIE STRUKTURE

Aangesien die opdrag was om slegs op bestaande strukture te konsentreer, het die verslag slegs hierop betrekking. Daar is egter 'n groot aantal verskynsels soos murasies, fondasies en reste van ander aktiwiteite aangetref, wat ook in aanmerking geneem sal moet word by die bou van die pad.

1. Motorhuis:
Hierdie is 'n klein sinkgeboutjie wat vermoedelik as motorhuis dien. Dit word nie op die kaart aangetoon nie, maar kom ongeveer 50 meter wes van die tweede woning, geleë aan die oostepunt van die voorgestelde pad voor, dit wil sê in die rigting van Graskop. Die struktuur sal wel deur die beplande roete geraak word, maar aangesien dit 'n resente struktuur blyk te wees met geen ooglopende historiese assosiasie nie, kan dit na ons oordeel verskuif word.

2. Arbeiderswoning:
Hierdie is 'n baie vervalle sinkstruktuur en is geleë aan die onderkant van 'n steil wal, noord van die ou Royal Cottage. Op die kaart word dit as 'n "ruin" aangedui. Op die oog af lyk dit nie na die moeite werd om hierdie struktuur te behou nie, maar daar word gevoel dat dit wel in die lig van die argument soos aangevoer deur Mabin (1992), sien onder, beoordeel moet word en in sy oorspronklike posisie gelaat moet word.

3. Twee arbeiderswonings:
Hierdie strukture is geleë onderkant 'n steil wal aan die agterkant van die gebou bekend as Long se winkel. 'n Direkte verband tussen dié strukture en die winkel, met ander woorde hoofgebou en buitegeboue, word gevorm deur die bestaan van tuine, paadjies en terrasse. Dit is moontlik die enigste sodanige uitleg wat in die ondersoekgebied aangetref word en verskuiwing daarvan sal hierdie konteks vernietig. Veral die struktuur met die spitsdak blyk kultuurhistories van groot waarde te wees en behoort in posisie gelaat te word.

Motivering vir die in situ behoud van hierdie strukture word verder ook gevind in die siening van Alan Mabin

(1992). In sy lesing wys hy daarop dat die oorgrote meerderheid van die inwoners van 'n plek soos Pelgrimsrus, by name die swart arbeiders, se aandeel in die dorp en sy aktiwiteite totaal en al misken word en nie in die bewaring en aanbieding van die dorp as geheel verteenwoordig word nie. Die in situ bewaring van hierdie strukture sal na ons oordeel bydra tot die regstelling van hierdie situasie.

4. Burns se huis:
Vanweë die ligging van hierdie struktuur word dit deur die bou van die voorgestelde pad bedreig. Die kultuurhistoriese belangrikheid van die woning is goed bekend en die ideaal is om dit op die oorspronklike terrein en omgewing te bewaar en dat die pad daarby aangepas moet word. Die alternatief sou wees om dit te skuif na die terrein wat op die kaart aangedui word.

Die probleem met verskuiwing van hierdie woning is dat die area wat daarvoor uitgesit is (sien kaart), oorspronklik die plek was waar die mineralwerke geleë was. Die implikasie hiervan is dat indien die woning hier opgerig word, die mineralewerke nie weer op sy oorspronklike posisie gerekonstrueer kan word nie. Daar kan dus nie anders as om die huis in sy oorspronklike posisie te behou nie en die pad daarby aan te pas.

5. Struktuur bekend as Griever se huis:
Dit is een van die min oorspronklike hout- en sinkstrukture wat in hierdie deel van die dorp geleë is. Dit is nog relatief ongeskonde en is ook een van die min strukture in die deel van die dorp wat deur arbeiders bewoon word. Griever was die poskoetsdrywer en in 'n sekere sin geld die argument van Mabin ook in hierdie geval. Bewaring hiervan in sy oorspronklike posisie is dus baie belangrik.

6. Ou kerk
Net wes van Griever se huis is daar 'n groot sementblad wat as fondasie van 'n kerkgebou gedien het. Daar word gevoel dat dit belangrik is om dit te bewaar, anders kan die kerk nie weer in sy oorspronklike posisie gerekonstrueer word nie.

7. Beretta se bakkery:
In hierdie geval word 'n buitegebou (waarin tans weefwerk gedoen word) en 'n klein deel van die hoofgebou, deur die bou van die pad beïnvloed. Die hoofgebou is belangrik in die opsig dat dit een van die min strukture is wat met bakstene gebou is. Die gevolg hiervan is egter dat dit nie maklik verskuif kan word nie en word daar aanbeveel dat die pad aangepas word om die struktuur in sy huidige posisie te behou. As alternatief kan die latere aanbouing aan die noordekant van die hoofgebou verwyder word. Uit die verskil in materiaal wat gebruik is en die konstruksie daarvan, kan afgelei word dat hierdie 'n latere aanbouing is. Dit beteken egter dat die hele hoofgebou dan struktureel tot 'n vroeëre boufase gerestoureer sal moet word. Die buitegebou net noord hiervan is van meer resente herkoms en kan na ons oordeel verskuif word.

8. Arbeiderswoning:
Hierdie is 'n bloukleurige sinkstruktuur en blyk van resente oorsprong te wees. Die verskuiwing en heroprigting daarvan behoort geen probleem op te lewer nie.

9. Garage:
Aangesien hierdie 'n resente struktuur is, behoort daar geen probleem te wees met die skuif daarvan nie.

10. Sinkstruktuur op sportterrein:
Soos in die geval van die vorige struktuur is hierdie een van resente oorsprong. Daar behoort dus geen probleem te wees met die verskuiwing daarvan nie.

11. Woning geleë aan die westepunt van die beplande pad:
Slegs een struktuur is hier in gedrang, naamlik 'n motorhuis wat van sink gebou is. Verskuiwing daarvan behoort geen probleem in te hou nie. Daar is egter ander klein buitegeboue van sink wat belangrik is en daar word gehoop dat die bou van die pad nie die karakter hiervan sal aantas nie.

AANBEVELINGS

Op grond van die ondersoek word die volgende dus aanbeveel:

1. Die arbeiderswoning no. 3 en by nadere ondersoek moontlik ook no. 2, moet in hulle oorspronklike ligging behou word en die pad daarby aangepas word.

2. Die aanbeveling in verband met Burns se huis (struktuur no. 4) is dat dit in sy oorspronklike posisie gelaat word en dat die pad daarby aangepas word.

3. Die behoud van struktuur Griever se huis (struktuur no.5) en onmiddelike omgewing in sy huidige posisie is na ons oordeel van groot belang.

4. Die fondasie van die ou kerk wes van Griever se huis moet ook behou word.

5. Alhoewel dit deur die bou van die pad bedreig word, kan struktuur no. 7, Beretta se bakkery, in posisie gelaat word deur geringe strukturele veranderings aan te bring.

4. Strukture no. 1, 8, 9 en 10 kan na ons oordeel wel verskuif word.

5. Aangesien verskuiwing van mense 'n sensitiewe aangeleentheid is, moet daarteen gewaak word dat niemand na verskuiwing slegter daaraan toe is as wat hulle in hulle huidige situasie is nie.

6. Daar word verder aanbeveel dat elk van die strukture, asook enige ander verskynsels, aan deeglike strukturele en argivale ondersoek en dokumentasie onderwerp word indien besluit word om dit te sloop of te verskuif.

VERWYSINGS

Mabin, A. 1992. Honouring our urban past and visiting the future. Notes on the Pilgrims Rest and Kimberley Mine Museums. Paper presented at the History Workshop Conference **Myths, Monuments and**

**Museums: New Premises**. University of the Witwatersrand, July 1992.